Die boek is bedoel as 'n voorgeskrewe werk vir voorgraadse studente en behoort groot inslag te vind. Dit lees maklik; die voetnote en bronnelys lei die student na 'n verskeidenheid van ander bronne en die kaarte plaas heelwat gebeure in geografiese perspektief. 'n Indeks aan die einde sou naslaanwerk aansienlik vergemaklik het. Die prys van R28,00 plus AVB is uiters billik vir die goeie waarde wat die student daarvoor kry.

*H.J. VAN ASWEGEN.*

*Rayner, E. Stapley, R. Watson, J.: Evidence in Question World Affairs from the Russian Revolution to the present Oxford. 64 bladsye.*
*Evidence in Question European History 1815 — 1949. Oxford 64 bladsye.*
*Evidence in Question International Affairs since 1919. Oxford 64 bladsye.*

Hierdie drie boeke is nie bedoel om handboeke te wees nie. Dit was ook nie die doel van die skrywers nie. Dit is baie waardevolle hulpmiddels vir St. 10-leerlinge wat hulle wil voorberei vir die beantwoording van kort- en paragraaftipe vrae in die eind-eksamen. Dit bied ook aan die onderwyser uitstekende voorbeelde aan die hand waarvan vraestelle vir die Algemene en Suid-Afrikaanse geskiedenis opgestel kan word. Die boeke bevat 'n ryke verskeidenheid oefeninge gebaseer op kaarte, foto's, dokumente, spotprente en tersaaklike sekondêre bronne. Die groot waarde van die boeke lê daarin dat die leerling op 'n terloopse manier deelneem aan die proses van leer eerder as aan die produk van leer. Sodoende kry ons die ideaal dat die Geskiedenis eerder 'n speurtog is na die misterie van die verlede omdat die verlede visueel aan hom voorgehou word. Ons sal graag wil sien dat hierdie boeke tot die beskikking sal wees van elke Geskiedenisonderwyser in die Sekondêre skool.

*J.H. HUMAN.*

*Catchpole, B. 1982: A Map history of the modern world. London: Heinemann Educational, pp. 169. R9,95 en Catchpole, B. 1983: A map history of our own times. London: Heinemann educational. pp. 148. R11,50.*

Hierdie twee publikasies sal uiters vrugbaar deur die onderwyser in die senior sekondêre geskiedenisklas gebruik kan word. Die eerste publikasie dek die tydperk 1890 tot 1982. Die publikasie bevat nie net kaarte, grafieke en so meer nie, maar is ook met relevante fotomateriaal toegelig. Daarby word die kaarte deur kort kommentare in perspektief geplaas. Aan die einde is daar 'n indeks en daar is ook spesifiek verwysings na bronne. Daar word nie baie sterk op Afrika gekonsentreer in die temas wat behandel word nie, maar oor die rol van veral Europa oor die afgelope eeu en ook die Koue Oorlog is hierdie publikasie beide 'n naslaanwerk en 'n uiters sinvolle didaktiese hulpmiddel.

Die tweede publikasie van Catchpole is nog meer treffend omdat hierdie publikasie die tydperk 1950 tot 1983 in meer besonderhede toelig. Tereg stel die skrywer dit as oogmerk "to help children understand the world in which we live". Hier word daar ryklik van kaarte en ander media gebruik gemaak om die eietydse geskiedenis visueel en konkreet voor te stel. Daarby bevat elke hoofstuk verdere bronne. Aan die einde is daar 'n indeks. Hoewel die temas wat Catchpole hanteer uiteraard nie spesifiek vir die Suid Afrikaanse opset geskryf is nie, word die Koue Oorlog en sy naweë uiters sinvol behandel en toegelig. Daarby word selfs probleme soos besoedeling, terroriste, die Noord-Suid teënstrydigheid, vooroordele en die ruimte aangesny. Hierdie publikasie is 'n uiters nuttige naslaanwerk, 'n tyd-ruimtelike kompas en 'n hulpboek vir die onderwyser veral.

Dit is werklik noodsaaklik dat daar ten minste een eksemplaar van hierdie twee publikasies in elke skool in die land is.

*M.H. TRÜMPELMANN.*

**L. DANZIGER: A HISTORY OF SOUTHERN AFRICA**
Oxford University Press 1983. Prys R10,80 — 125 bladsye

Die werk in Danziger wat vir hoërskoolleerlinge geskryf is behoort 'n goeie aanvullende bron vir Engelstalige leerlinge te wees. Die boek het egter te veel leemtes om as eerste of enigste handboek gebruik te word. Danziger dek die tydperk van voor kolonisasie tot na Republiekwording te oorsigtelik met die klem op slegs enkele grepe in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Daar word nie in diepte na een van die aspekte gekyk nie maar slegs bolangs geraak. So bv. word die politieke ontwikkeling van S.A., wat van 1910 tot 1948 behandel word, baie eensydig en oppervlakkig behandel. Danziger beskou die swart weerstandsbeweging belangriker vir 'n verwysing na die armblankevraagstuk word die ekonomiese vraagstuk — met sy vele politiek implikasies oor die hoof gesien. Hoofstuk 10 — **The era of aprtheid** handel oor baie nuwe en interessante perspektiewe. Die vraag bly egter of die N.P. na 1948 hom slegs besig gehou het met die "onderdrukking" van anderskleuriges? Wat van positiewe mylpale wat bereik is?

Die belangrikste kritiek wat teen Danziger se werk ingebring kan word, is dat hy die geskiedenis van Suid-Afrika verskraal het tot 'n chronologiese politieke kroniek sonder om ekonomiese — en maatskaplike vraagstukke en ontwikkelinge in ag te neem.

Danziger se werk is ryk geillustreer met foto's, kaarte en opsommings en aan die einde van die boek word 'n paar sinvolle vrae gevra wat 'n denkappel tot leerlinge sal rig. Die leerling met 'n spesiale belangstelling in Geskiedenis sal Danziger se werk geniet en as aanvullende werk met vrug kan gebruik.

*C.J. DE KLERK.*

## UITSLAG VIR WESTRYD VIR PRIMÊRESKOOLLEERLINGE

Die volgende leerling ontvang die prys van R50 vir die wedstryd soos aangekondig in die April-uitgawe van 1985:

**Paula Titan,**
**Seinlaan 33,**
**Dawnview.**
**Germiston.**

Baie geluk.

Die antwoorde was:

1. Raadsaal te Bloemfontein.
2. Thomas Pringle en Pauline Smith.
3. Parlementsgebou te Kaapstad.